

Entomologies gesproke het die maaginhoud-analises weer tot gevolg gehad dat verskeie belangrike anwinste by die hoof snuitkewer-versameling van die Museum gevoeg kon word, terwyl daar ook 'n aantal insiggewende verspreidingsrekords bekom is. Van die nuwe snuitkewerinligting wat op dié manier verkry is, verdien twee gevalle spesiale vermelding:

— *Euretus aurivillii* is 'n relatiewe klein snuitkewertjie met 'n ronde agterlyf, 'n vernoude borsgedeelte en stewige bene wat, met die eerste oogopslag, 'n mens sterk aan 'n spinnekop laat dink. Sedert die kewertjie amper 'n honderd jaar gelede beskryf is, was daar, tot en met die aanvang van dié studie op voëlmaaginhoude, net drie van hulle aan die wetenskap bekend en het niemand iets omtrent hulle verspreiding en lewensgewontes gewet nie. Die getal is nou verdubbel nadat 'n verdere drie eksemplare uit die mae van 'n Ludwigse Pou en 'n Swart Korhaan vanaf onderskeidelik Philipstown en Florisbad bekom is. Behalwe die belangrikheid van die aanwinste self, weet ons ook nou iets omtrent die geografiese en

seisoenale verspreiding van die kewers, asook wat hulle habitatvoorkeure is.

— Snuitkewers met die naam *Hypocolobus* is volop in die suidwestelike Kaapprovinsie en Namakwaland en die vermoede was dat hulle feitlik tot hierdie gebiede beperk is, met slegs 'n paar verspreidingsrekords bekend vanaf die ooskusstreke van die land. 'n Enkele *Hypocolobus* eksemplaar uit die maag van 'n Ludwigse Pou wat in die Philipstown-omgewing versamel is, verbreed egter nou die verspreidingsgebied van hierdie groep snuitkewers met 'n paar honderd kilometer en stel ons in staat om in 'n spesifieke teikengebied na nog meer van hulle te kan gaan soek.

By groter navorsingsinstansies neig die verskillende departemente meer en meer om geïsoleerd van mekaar te werk — partykeer ten koste van wetenskaplike ontdekking. Die navorsingswaarde van interne onderlinge skakeling en samewerking tussen museumdepartemente, soos hierbo uitgewys is, kan dus nie oorbeklemtoon word nie.



PERSONALIA

NUWE PERSONEEL



V.l.n.r.: Mej. A.A. Lombaard (Tikster), mev. E.M. du Toit (Tegnikus: Plantkunde), mev. I.M. Swart (Administrasie), mej. A-R. Pienaar (Sekuriteit: Raadsaal), mej. L. Gaum (Tegnikus: Oliewenhuis), mej. R. Esterhuizen (Tegnikus: Rotskuns), mnr. J. Welman (Paleontoloog), mev. K.G. Verster (Bibliotekaresse).